
# Eldo-Gespreksgids

## Joh. 21

Nou ons is besig met die “Wanatu” preekreeks waar ons die vraag vra “Wanatu gaan ons vir 2026? Wat is ons doel, ons nuwe jaar voornemens vir 2026?” En die week het ons die preekreeks afgesluit met die laaste tema van Godtu. Hier vra ons die vraag, “Wat is ons nuwe jaar voornemens vir ons verhouding met God? Waarin wil ons groei in ons verhouding met God?” Maar voor ons by die vraag van groei uitkom, moet ons eers vir onsself uitvra oor ons identiteit. Met ander woorde, voor ons kan groei in ons verhouding met Christus, moet ons eers besef dat ons ‘n volgeling van Christus is. In **Johannes 21:15-19**, vra Jesus vir Petrus drie keer “Het jy my lief?” Die rede? Jesus probeer Petrus se identiteit te herbevestig. Toe Petrus Jesus verloën het, het hy drie keer gesê “EK IS NIE Jesus se dissipel nie.” Nou met hierdie drie vrae sê Petrus weer “EK IS lief vir Christus.” of indirek, “EK IS ‘n dissipel van God.” So, Petrus herbevestig dat sy identiteit in Jesus gevestig is. Hy herbely dat hy Jesus volg. Jesus probeer Petrus eintlik besef, “Onthou wie jy is en dat jy my volg. Ek is die kern van jou lewe!”

En hierdie vrae oor identiteit is vrae wat ons ook vir onsself moet vra. Ons moet onsself eintlik in die skoene van Petrus sit asof God ons dit vra. Wat sal jou antwoord wees as Jesus jou vra, “Het jy my lief?” Soos Petrus sal ons dadelik, sonder om twee keer te dink, sê “Ja Here, ek het U lief” Hoe dan nou anders, dis Jesus! Maar die tweede vraag, laat mens waarlik oor die situasie dink oor dit wat Jesus vra. En die derde vraag laat mens die erns van die saak verstaan. En onthou hierdie is nie vrae sodat ons ons sonde moet besef nie en ons herinner aan dit wat ons verkeerd gedoen het soos Petrus met sy verloëning nie. Nee! Soos ons gesê het, dit is vrae oor identiteit. Dis vrae oor of ons besef dat ons identiteit in Christus lê. Vrae wat ons weer op nuut laat besef dat ons Christene is, dat ons deur God geroep is om Hom te volg. Dis asof die realiteit moet inskop en ons moet besef, “maar wow, ek is waarlik ‘n Christen” daardie oomblik van “Damn, ek volg vir Jesus”. Ek is ‘n volgeling van God. Dit is nie iets wat ‘n mens ligtelik neem nie. Dit is nie iets wat mens net aftick op ‘n boksie as hulle sensus opname doen nie, of iets wat jy doen omdat almal dit doen nie - ek is ‘n Christen want dit is maar die norm nie, of ek is so groot gemaak so dis maar wie ek is. Om die skape metafoor te gebruik: om ‘n Christen te wees is nie om die kudde te volg nie, maar die herder. Met ander woorde, dit is om nie ‘n Christen te wees omdat almal rondom ons Christene is en hulle dit doen nie. Om ‘n Christen te wees is om Jesus ons Herder te volg en te doen wat Hy vir ons sê. Dit is wat dit beteken om ‘n volgeling van Christus te wees. Ons moet die erns van die saak besef om God te volg. Ons moet die erns van die titel “Christen” besef, want dit is nie maklik nie. Petrus was byvoorbeeld gekruisig vir sy geloof. En vandag is dit ook nie so maklik nie. As Christene gaan ons nie noodwendig dit doen wat die ander rondom ons doen nie. Ons gaan dit doen wat dalk nie die norm is nie. En dit is wat ons moet besef. Dit is hoekom God jou drie keer vra, “Maar, het jy my lief? Verstaan jy die erns daarvan om ‘n Christen te wees. Verstaan jy die gewig van die titel ‘Christen’?” En as daardie realiteit inskop, dan kan ons eers begin dink oor waar ons die jaar in ons verhouding met God wil groei. Dan kan ons eers begin nuwe jaar voornemens opstel vir 2026. En kan ons na Godtu groei.




## Gespreksvrae

- Wat sal jou reaksie wees as Jesus jou vra “Het jy my lief?”
- Waaroor dink jy na as Jesus vir jou die tweede en derde keer vra, “Het jy my lief?” Met ander woorde, wat kom in jou kop op as jy aan die diepte en erns van die saak dink om God lief te hê en hom te volg?
- Wat maak dit moeilik om ‘n Christen te wees in vandag se tyd?
- Wat is jou nuwe jaar voornemens vir jou verhouding met God?

01/02/2026

ELDORAIGNE FAMILIEKERK
Hiér maak JY saak